# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY.

10 c | Tuesday, 10th July, 1962. | WINDHOEK | Dinsdag, 10 Julie 1962. | No. 2417


CONTENTS


GOVERNMENT NOTICE—

No. 120 Ordinance, 1962: Promulgation of . . . 994


INHOUD — Page/Bladsy


GOEWERMENTSKENNISGEWING—

Ordonnansie, 1962: Uitvaardiging van . . . 994


## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

W. J. VAN DER MERWE,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

W. J. VAN DER MERWE,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

---

No. 120.] [10th July, 1962.

ORDINANCE, 1962: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title* |
|---|---|
| No. 31 | Explosives Ordinance, 1962 . . . . |

No. 120.] [10 Julie 1962.

ORDONNANSIE, 1962: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *Titel* | *Page/Bladsy* |
|---|---|
| Ordonnansie op Ontplofbare Stowwe 1962 . . | 994 |

---

No. 31 of 1962.]

## ORDINANCE

To provide for the manufacture, storage, sale, transport, importation, exportation and the use of explosives.

*(Assented to 21st June, 1962.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949 (Act 23 of 1949) of the Parliament of the Republic of South Africa as follows:

No. 31 van 1962.]

## ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die vervaardiging, opberging, verkoop, vervoer, invoer, uitvoer en die gebruik van ontplofbare stowwe.

*(Goedgekeur 21 Junie 1962.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (Wet 42 van 1925), soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 (Wet 23 van 1949) van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. In this Ordinance and in any regulations made thereunder, unless the context otherwise indicates —

(i) "authorized explosive" means an explosive included in a list approved by the Administrator and published by notice in the *Gazette;* (iii)

(ii) "blasting material" means any explosive used for the purpose of blasting; (xi)

(iii) "danger building" means any building or part thereof used as an explosives factory or explosives magazine, or in connection therewith, unless in respect of that building or part thereof a certificate has been granted in accordance with regulation; (iv)

(iv) "explosives" means —

(a) gunpowder, nitro-glycerine, dynamite, guncotton, blasting powders, fulminate of mercury or of other metals, coloured fireworks, and every other substance, whether similar to those herein mentioned or not, which is used or manufactured with a view to produce a practical effect by explosion or a pyrotechnic effect;

(b) any fuse, rocket, detonator, cartridge, and every adaptation or preparation of an explosive;

(c) any other substance which the Administrator may from time to time by proclamation in the *Gazette* declare to be an explosive; (viii)

(v) "explosives factory" means any site licensed under this Ordinance for the manufacture of explosives, together with every mound, building (including a magazine), and work thereon for whatsoever purpose used; (ii)

(vi) "explosives magazine" means any building licensed under this Ordinance for the storage of explosives; (vi)

(vii) "factory licence" means any licence valid under the provisions of section *eleven* or any licence issued under section *sixteen;* (i)

(viii) "inspector", unless otherwise qualified, means a chief inspector of explosives or an inspector of explosives, or any person deputed to act as an inspector under section two; (v)

(ix) "manufacture" means the making and division of any explosive from or into its component parts by any process, the conversion of an explosive into an explosive of another kind, and the alteration, fitting for use, or repair of any explosive; (xii)

(x) "premises" means any land, road, harbour, river, building, structure, ship, boat, or other vessel, or any part thereof, or any tent, railway truck, cart, van, or other vehicle; (x)

(xi) "regulation" means a regulation made or deemed to have been made under this Ordinance; (xi)

(xii) "unauthorized explosive" means an explosive not included in a list of authorized explosives. (viii)

2. (1) The Administrator may appoint a chief inspector of explosives, and such inspectors of explosives, and such other officers, as to him may seem necessary for carrying out the provisions of this Ordinance and the regulations.

(2) An inspector shall have jurisdiction to try any person for a breach of any regulation or of any special rule made under section *twenty-six,* unless the death of any person has been caused by such breach.

(3) The law relating to mines, works, and minerals, in so far as that law deals with the trial of offences by inspectors of mines, shall *mutatis mutandis* apply to trials by an inspector under the powers conferred by this section.

(4) An inspector shall not in respect of any offence over which he has jurisdiction under this section, impose a fine of more than ten rand.

1. In hierdie ordonnansie en die daaruitvloeiende regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) „fabriekslisensie" 'n lisensie wat geldig is kragtens die bepalings van artikel *elf* en enige lisensie uitgereik ingevolge artikel *sestien;* (vii)

(ii) „fabriek vir ontplofbare stowwe" 'n kragtens hierdie ordonnansie gelisensieerde terrein vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe tesame met elke aardwal, gebou (insluitende 'n magasyn) en werke daarop vir watter doel ook al gebruik; (v)

(iii) „gemagtigde ontplofbare stof" 'n ontplofbare stof wat opgeneem is in 'n lys wat die Administrateur goedgekeur het en wat by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gepubliseer is; (i)

(iv) „gevaargebou" enige gebou of deel daarvan wat as 'n fabriek vir ontplofbare stowwe of magasyn vir ontplofbare stowwe of in verband daarmee gebruik word, tensy 'n sertifikaat ooreenkomstig regulasie ten opsigte van daardie gebou of 'n deel daarvan toegeken is; (iii)

(v) „inspekteur", tensy anders bepaal, 'n hoofinspekteur van ontplofbare stowwe of 'n inspekteur van ontplofbare stowwe of iemand wat kragtens artikel *twee* gemagtig is om as 'n inspekteur op te tree; (viii)

(vi) „magasyn vir ontplofbare stowwe" 'n kragtens hierdie ordonnansie gelisensieerde gebou vir die opberging van ontplofbare stowwe; (vi)

(vii) „ongemagtigde ontplofbare stof" 'n ontplofbare stof wat nie in 'n lys van gemagtigde ontplofbare stowwe opgeneem is nie; (xii)

(viii) „ontplofbare stowwe" —

(a) buskruit, nitrogliserine, dinamiet, skietkatoen, skietkruit, kwikfulminaat of 'n fulminaat van ander metale, gekleurde vuurwerke en enige ander stof, hetsy gelyksoortig aan dié hierin genoem, al dan nie, wat gebruik of vervaardig word ten einde 'n praktiese gevolg deur ontploffing of 'n pirotegniese uitwerking te weeg te bring;

(b) enige lont, vuurpyl, knalpatroon, patroon en elke verwerkte ontplofbare stof of 'n preparaat daarvan;

(c) enige ander stof wat die Administrateur van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant* as 'n ontplofbare stof verklaar; (iv)

(ix) „perseel" enige grond, pad, hawe, rivier, gebou, struktuur, skip, boot of ander vaartuig, of enige deel daarvan, of 'n tent, spoorwegtrok, kar, afleweringswa of ander voertuig; (x)

(x) „regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie ordonnansie uitgevaardig is, of beskou word as daarkragtens uitgevaardig; (xi)

(xi) „springstof" enige ontplofbare stof wat vir skietwerk gebruik word; (ii)

(xii) „vervaardiging" die maak en opbreek van ontplofbare stof uit of in sy bestanddele deur middel van enige proses, die omvorming van 'n ontplofbare stof in 'n ander soort ontplofbare stof, en die verandering, geskikmaking vir gebruik of herstel van 'n ontplofbare stof. (ix)

2. (1) Die Administrateur kan 'n hoofinspekteur van ontplofbare stowwe en soveel inspekteurs van ontplofbare stowwe en ander beamptes aanstel soos vir hom nodig blyk om die bepalings van hierdie ordonnansie en die regulasies uit te voer.

(2) 'n Inspekteur is bevoeg om enigiemand weens 'n oortreding van 'n regulasie of van 'n spesiale reël kragtens artikel *ses-en-twintig* uitgevaardig, te verhoor tensy die dood van iemand deur so 'n oortreding veroorsaak is.

(3) Die wetsbepalings met betrekking tot myne, werke en minerale is, dermate bedoelde wetsbepalings betrekking het op die verhoor van misdrywe deur inspekteurs van myne, *mutatis mutandis* van toepassing op verhore deur 'n inspekteur kragtens die bevoegdheid by hierdie artikel verleen.

(4) Geen inspekteur mag 'n boete van meer as tien rand ten opsigte van 'n misdryf waaroor hy kragtens hierdie artikel regsbevoegdheid het, oplê nie.

(5) The Administrator may depute other persons to act as inspectors in certain localities and for certain purposes, and in so far as any such person is authorized so to act, he shall have the same powers and be subject to the same duties as are conferred and imposed upon inspectors by this Ordinance and the regulations, but he shall have no jurisdiction to try any persons for breaches of regulations or special rules.

(6) Subject to approval by the Administrator the chief inspector of explosives may from time to time by writing under his hand and subject to such conditions as he may deem fit, delegate all or any of the powers conferred upon him by this Ordinance to any officer, and withdraw such delegation.

3. (1) No person shall manufacture any unauthorized explosive unless it is manufactured not for sale and solely for purposes of chemical experiment or for practical trial as an explosive and in such quantities and under such conditions as may be prescribed in writing by an inspector.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section or any condition prescribed thereunder shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, and the explosive in respect of which the contravention has taken place shall be forfeited.

(3) The owner and the occupier of any premises in or on which an unauthorized explosive is manufactured in contravention of this section shall be deemed to be the manufacturer, unless such owner or occupier (as the case may be) proves that he was unaware that any such contravention occurred.

(4) The burden of proving that any manufacture of an unauthorized explosive was solely for purposes of chemical experiment or practical trial and not for sale, shall, in any prosecution under this section, be upon the accused.

4. (1) No person shall manufacture any authorized explosive in any place other than explosives factory.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months and the explosive in respect of which such contravention has taken place shall be forfeited.

5. (1) No person shall keep, store or be in possession of any unauthorized explosive unless it has been manufactured as provided by sub-section (1) of section *three* and is kept, stored or possessed in such manner and in such quantities as have been approved in writing by an inspector.

(2) The provisions of sub-sections (2), (3) and (4) of section *three* shall apply *mutatis mutandis* in the case of any contravention of this section or of any of the conditions prescribed thereunder.

6. (1) No person shall keep, store or be in possession of, any authorized explosive in or any premises —

(a) except in an explosives factory or explosives magazine; or

(b) unless the explosive be kept for private use, and not for sale or other disposal, and in accordance with regulation; or

(c) unless the explosive be kept by the Administration, a department of the Republic or the Railways and Harbours Administration for use in the construction of any railway, road, or other public work, and be stored in a temporary magazine approved by an inspector and under conditions prescribed in writing by an inspector; or

(d) unless authorized thereto by a permit issued by an inspector and the explosive be kept in quantities

(5) Die Administrateur kan ander persone magtig om in sekere plekke en vir sekere doeleindes as inspekteurs op te tree, en dermate so 'n persoon gemagtig is om as sodanig op te tree, besit hy dieselfde magte en is hy onderhewig aan dieselfde verpligtinge as wat kragtens hierdie ordonnansie en die regulasies aan inspekteurs toegeken en opgelê word, maar hy is nie regsbevoeg om iemand weens oortredings van regulasies of spesiale reëls te verhoor nie.

(6) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur kan die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe van tyd tot tyd op skrif onder sy hand en onderhewig aan die voorwaardes wat hy goedvind elke of enige bevoegdheid wat hierdie Ordonnansie aan hom verleen, aan 'n beampte oordra en hy kan sodanige oordrag terugtrek.

3. (1) Niemand mag 'n ongemagtigde ontplofbare stof vervaardig nie, tensy dit nie vir verkoop nie en uitsluitend vir doeleindes van chemiese proefneming of vir praktiese toetsing as 'n ontplofbare stof vervaardig word, en in die hoeveelhede en op die voorwaardes wat skriftelik deur die inspekteur voorgeskryf word.

(2) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel of 'n voorwaarde wat uit hoofde daarvan voorgeskryf is, oortree, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand, of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en die ontplofbare stof ten opsigte waarvan die oortreding plaasgevind het, word verbeurd verklaar.

(3) Die eienaar en die besetter van 'n perseel waarin of waarop 'n ongemagtigde ontplofbare stof in stryd met hierdie artikel vervaardig word, word beskou as die vervaardiger, tensy bedoelde eienaar of besetter (na gelang) bewys dat hy onbewus daarvan was dat so 'n oortreding plaasgevind het.

(4) By 'n vervolging kragtens hierdie artikel rus die las om te bewys dat die vervaardiging van 'n ongemagtigde ontplofbare stof uitsluitend vir doeleindes van chemiese proefneming of praktiese toetsing was en nie vir verkoop was nie, op die beskuldigde.

4. (1) Niemand mag 'n gemagtigde ontplofbare stof in enige plek buiten 'n fabriek vir ontplofbare stowwe vervaardig nie.

(2) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en die ontplofbare stof ten opsigte waarvan die bedoelde oortreding plaasgevind het, word verbeurd verklaar.

5. (1) Niemand mag 'n ongemagtigde ontplofbare stof hou, opberg of in besit daarvan wees nie, tensy dit ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *drie* vervaardig is en op die wyse en in die hoeveelhede wat skriftelik deur 'n inspekteur goedgekeur is, gehou, opgeberg of besit word.

(2) Die bepalings van subartikels (2), (3) en (4) van artikel *drie* is *mutatis mutandis* van toepassing by 'n oortreding van hierdie artikel of enige voorwaardes uit hoofde daarvan voorgeskryf.

6. (1) Niemand mag 'n gemagtigde ontplofbare stof in of op 'n perseel hou, opberg of in besit hê nie —

(a) buiten in 'n fabriek vir ontplofbare stowwe of 'n magasyn vir ontplofbare stowwe; of

(b) tensy die ontplofbare stof vir private gebruik en nie vir verkoop of beskikking daaroor op 'n ander wyse nie, en ooreenkomstig regulasie gehou word; of

(c) tensy die ontplofbare stof deur die Administrasie, 'n departement van die Republiek of die Administrasie van Spoorweë en Hawens gehou word vir gebruik by spoorwegbou, padbou of ander publieke werke en opgeberg word in 'n tydelike magasyn deur 'n inspekteur goedgekeur en ooreenkomstig voorwaardes skriftelik deur 'n inspekteur voorgeskryf; of

(d) tensy daartoe gemagtig deur 'n permit deur 'n inspekteur uitgereik, en die ontplofbare stof gehou

not exceeding one thousand pounds in weight, and be stored in an isolated place approved by an inspector and under conditions prescribed in writing by an inspector; or

(e) unless the explosive be kept by a person in possession of a licence, as provided in section *seven*, to deal in explosives, and in accordance with any conditions attached to that licence, or prescribed by regulation.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section or any condition prescribed thereunder or referred to therein, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months, and the explosive in respect of which the contravention has taken place shall be forfeited.

(3) The owner and the occupier of any premises in, at, or on which any contravention of this section occurs, shall be liable to the penalties prescribed for any such contravention, unless such owner or occupier (as the case may be) proves that he was unaware that any such contravention occurred.

7. (1) No person, other than manufacturer, shall sell or deal in any explosive unless he is in possession of a licence granted under the regulations, which shall be in addition to any other licence which may be required in terms of any other law.

(2) In the case of explosives other than fireworks, and in the case of fireworks, a fee, as may be prescribed by regulation, shall be payable for any such licence.

(3) No person shall supply (whether in pursuance of a sale or otherwise) any explosive other than fireworks to any other person, except under a permit issued by or under the authority of an inspector.

(4) No person shall acquire any explosive, other than fireworks, from any other person, except under a permit issued by or under the authority of an inspector.

(5) For the purposes of sub-section (1) any person who in any district where there is no person licensed to sell blasting materials supplies blasting materials in accordance with regulation to consumers thereof shall, unless he sells to such consumers at a profit, be deemed not to be selling or dealing in explosives.

8. No person shall import into or export from the Territory or cause to be imported thereto or exported therefrom any explosive, unless he has obtained a permit issued under the authority of an inspector.

9. (1) No person shall use any blasting material —

(a) unless he is in possession of a permit issued by or under the authority of an inspector; or

(b) unless he is, while using such blasting material, under the immediate and constant supervision of a person who is in possession of such a permit.

(2) No person shall permit any other person who is not in possession of such a permit to use any blasting material unless such person is, while using such blasting material, under the immediate and constant supervision of a person who is in possession of such a permit.

(3) Any permit issued prior to the date of commencement of this Ordinance by a person other than an inspector, shall, if in force on the date of commencement of this Ordinance, be deemed to have been issued under the authority of an inspector.

10. Any person who contravenes any provision of section *seven*, *eight* or *nine* shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand, or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

11. The licence of any factory or magazine which is in force at the commencement of this Ordinance shall continue to be valid, provided that the conditions under which the licence was granted are still applicable.

word in hoeveelhede van hoogstens eenduisend pondgewig, en opgeberg word in 'n afgesonderde plek deur die inspekteur goedgekeur en ooreenkomstig voorwaardes skriftelik deur 'n inspekteur voorgeskryf; of

(e) tensy die ontplofbare stof gehou word deur iemand in besit van 'n lisensie, soos in artikel *sewe* bepaal, om in ontplofbare stowwe handel te dryf en ooreenkomstig die voorwaardes aan daardie lisensie verbonde of by regulasie voorgeskryf.

(2) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel of 'n voorwaarde uit hoofde daarvan voorgeskryf, of daarin genoem, oortree, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, en die ontplofbare stof ten opsigte waarvan die oortreding plaasgevind het, word verbeurd verklaar.

(3) Die eienaar en die besetter van 'n perseel waarin, waarby of waarop 'n oortreding van hierdie artikel plaasvind, is strafbaar met die strawwe vir so 'n oortreding voorgeskryf tensy bedoelde eienaar of besetter (na gelang) bewys dat hy onbewus daarvan was dat so 'n oortreding plaasgevind het.

7. (1) Niemand buiten die vervaardiger daarvan mag 'n ontplofbare stof verkoop of daarin handel dryf nie, tensy hy in besit is van 'n lisensie wat ingevolge die regulasies uitgereik is, benewens enige ander lisensie wat kragtens enige ander wetsbepaling vereis word.

(2) Ten opsigte van ontplofbare stowwe buiten vuurwerke, en ten opsigte van vuurwerke, is daar vir enige sodanige lisensie die gelde betaalbaar wat by regulasie voorgeskryf word.

(3) Niemand mag (hetsy ingevolge 'n verkoping of andersins) 'n ontplofbare stof behalwe vuurwerke, aan iemand anders verskaf nie, buiten uit hoofde van 'n permit deur of op gesag van 'n inspekteur uitgereik.

(4) Niemand mag 'n ontplofbare stof, behalwe vuurwerke, van iemand anders verkry nie, buiten uit hoofde van 'n permit deur of op gesag van 'n inspekteur uitgereik.

(5) By die toepassing van subartikel (1) word iemand wat in 'n distrik waar niemand gelisensieer is om springstof te verkoop nie, springstof ooreenkomstig regulasie aan verbruikers daarvan verskaf, nie geag ontplofbare stowwe te verkoop of daarin handel te dryf nie, tensy hy dit met wins aan bedoelde verbruikers verkoop.

8. Niemand mag 'n ontplofbare stof in die Gebied invoer of laat invoer of uit die Gebied uitvoer of laat uitvoer nie, tensy hy 'n permit verkry het wat op gesag van 'n inspekteur uitgereik is.

9. (1) Niemand mag 'n springstof gebruik nie —

(a) tensy hy in besit is van 'n permit wat deur of op gesag van 'n inspekteur uitgereik is; of

(b) tensy hy, terwyl hy sodanige springstof gebruik, onder die onmiddellike en voortdurende toesig is van iemand wat in besit van so 'n permit is.

(2) Niemand mag 'n ander persoon wat nie in besit van bedoelde permit is nie, toelaat om springstof te gebruik nie, tensy die bedoelde ander persoon, terwyl hy daardie springstof gebruik, onder die onmiddellike en voortdurende toesig is van iemand wat in besit van so 'n permit is.

(3) 'n Permit wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie deur iemand anders as 'n inspekteur uitgereik is, word, as dit op die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie van krag is, beskou as op gesag van 'n inspekteur uitgereik te gewees het.

10. Iemand wat 'n bepaling van artikel *sewe*, *agt* of *nege* oortree, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

11. Die lisensie vir 'n fabriek of magasyn wat by die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie geldig is, bly geldig mits die voorwaardes waarop die lisensie uitgereik is, nog van toepassing is.

12. (1) Every person who desires to establish or erect any factory for the maufacture of explosives shall make application in writing to the Administrator attaching to such application a draft licence together wih diagrams or plans of the proposed factory, on such scale or scales as the Administrator may prescribe, and the application shall set forth —

(a) the situation and extent or area of the land on which it is proposed to erect the factory, together with the area of land surrounding the same which it is proposed to leave free of buildings;

(b) the several distances which it is proposed to maintain between the several danger buildings respectively, and between those danger buildings and other buildings or works used in connection with the factory;

(c) the materials to be used in, and the mode of construction of, all danger buildings and works on, in, or used in connection with the factory;

(d) the nature of the processes of manufacture to be used in the factory, the place at which each process of manufacture and every description of work is intended to be carried on in the factory, and the places on or in which it is proposed to keep in store any ingredients of explosives or other articles liable to spontaneous ignition or combustion or otherwise dangerous;

(e) the quantity of explosives or of any partly or wholly mixed ingredients thereof, which it is proposed to use simultaneously in or near any building or machine;

(f) the maximum number of persons which it is proposed to employ in each danger building in the factory, and whether those persons are white or coloured persons;

(g) any further particulars which the Administrator may require, having regard to any special circumstances arising from the locality or construction of any buildings or works, or to the nature of any process to be carried on therein.

(2) The Administrator may refuse any such application or direct that a public inquiry be held in accordance with the provisions of section *thirteen* as to the expediency of granting the application.

13. (1) If the Administrator directs in terms of section *twelve* that an inquiry shall be held, he shall cause a notice to be published at the cost of the applicant, stating that application has been made under this Ordinance for the grant of a licence to erect a factory for the manufacture of explosives, describing as far as possible the proposed site of the factory and stating that a commission will sit to hear any objections to the grant of such a licence, and the date, time and place on or at which that commission will sit to hear the application.

(2) The said notice shall be published in three consecutive ordinary issues of the *Gazette* and in one or more newspapers circulating in the district in which it is proposed to erect or establish the factory.

(3) The local authority having jurisdiction in an area in which, or within one mile of which, is situate the site of the proposed factory, and any person residing or carrying on business within a like distance or any person who can show a substantial interest in opposing the grant of a licence, may, either individually or jointly with others, lodge an objection in writing to the grant of any such licence with the chairman of the commission not later than seven days prior to the sitting of the commission.

(4) Every applicant for a licence or objector thereto may appear before the commission in support of his application or objection, either in person or by a deputy authorized thereto in writing by the applicant or objector.

14. The commission shall consist of an Inspector (who shall be the chairman of the commission) and two other

12. (1) Iemand wat 'n fabriek vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe wil stig of oprig, moet skriftelik aansoek doen by die Administrateur en moet aan so 'n aansoek 'n konseplisensie tesame met diagramme of planne van die beoogde fabriek volgens die skaal wat die Administrateur voorskryf, heg, en die aansoek moet die onderstaande uiteensit:—

(a) die ligging en omvang of oppervlakte van die grond waarop die fabriek na voorneme opgerig gaan word, tesame met die oppervlakte van die omliggende grond wat, na voorneme, onbebou gelaat gaan word;

(b) die afsonderlike afstande wat, na voorneme, tussen die verskillende gevaargeboue onderskeidelik, en tussen bedoelde gevaargeboue en ander geboue of werke wat in verband met die fabriek gebruik word, gehandhaaf gaan word;

(c) die boustowwe wat gebruik gaan word by, en die wyse van oprigting van, alle gevaargeboue en werke wat op of in die fabriek of in verband daarmee gebruik gaan word;

(d) die aard en metodes van vervaardiging wat in die fabriek aangewend gaan word, die plek waar elke vervaardigingsproses en elke soort werk in die fabriek uitgevoer gaan word, en die plekke waar daar na voorneme enige bestanddele van ontplofbare stowwe of ander artikels wat blootstaan aan selfontsteking of selfontbranding of andersins gevaarlik is, opgeberg gaan word;

(e) die hoeveelheid ontplofbare stowwe of die hoeveelheid deels of klaar gemengde bestanddele daarvan wat, na voorneme, gelyktydig in of naby 'n gebou of masjien gebruik gaan word;

(f) die maksimum getal persone wat in diens geneem gaan word in elke gevaargebou in die fabriek, en of bedoelde persone blankes of nie-blankes is;

(g) enige nadere besonderhede wat die Administrateur vereis, in aanmerking genome die spesiale omstandighede wat voortspruit uit die ligging of konstruksie van enige gebou of werke, of die aard van 'n proses wat daarin uitgevoer gaan word.

(2) Die Administrateur kan so 'n aansoek weier of 'n openbare ondersoek gelas ooreenkomstig die bepalings van artikel *dertien* na die wenslikheid om die aansoek toe te staan.

13. (1) As die Administrateur 'n ondersoek ooreenkomstig artikel *twaalf* gelas, laat hy 'n kennisgewing op koste van die applikant publiseer waarin vermeld word dat aansoek ingevolge hierdie ordonnansie gedoen is om die toekenning van 'n lisensie om 'n fabriek vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe op te rig, en waarin die beoogde ligging van die fabriek sover moontlik beskryf word, en voorts vermeld word dat 'n kommissie sal sit om besware teen die toekenning van bedoelde lisensie aan te hoor, asook die datum, tyd en plek waarop die kommissie sal sit om die aansoek aan te hoor.

(2) Bedoelde kennisgewing moet in drie opeenvolgende gewone uitgawes van die *Offisiële Koerant* gepubliseer word en in een of meer nuusblaaie in omloop in die distrik waarin die fabriek na voorneme opgerig of gestig gaan word.

(3) Die plaaslike bestuur wat regsbevoegdheid het in 'n gebied waarin of binne een myl waarvan die terrein van die beoogde fabriek geleë is, en iemand wat binne dieselfde afstand woon of sake dryf, of iemand wat kan aantoon dat hy 'n wesenlike belang by die bestryding van die toekenning van die lisensie het, kan òf alleen òf saam met andere, uiterlik sewe dae voor die sitting van die kommissie by die voorsitter daarvan skriftelik besware opper teen die toekenning van so 'n lisensie.

(4) Elke applikant om 'n lisensie of beswaarmaker daarteen kan ter ondersteuning van sy aansoek of beswaar, hetsy persoonlik of deur middel van 'n verteenwoordiger wat hy skriftelik daartoe gemagtig het, voor die kommissie verskyn.

14. Die kommissie bestaan uit 'n Inspekteur (wat die voorsitter van die kommissie is) en twee ander per-

persons appointed for the purpose by the Administrator, and it shall, as soon as may be after the conclusion of its sitting, make a report to the Administrator with such recommendations as it may think fit.

15. After consideration of the report and recommendations of the commission, the Administrator may refuse the application for a licence, or may grant the application with or without modifications and conditions.

16. Any licence under this Ordinance to erect, establish, and maintain a factory for the manufacture of explosives, shall, if granted be issued by the Administrator upon payment of a fee, as may be prescribed by regulation: Provided that no explosives shall be manufactured until the chief inspector of explosives is satisfied that the premises in respect of which the licence has been granted are in a sufficiently complete state to enable the provisions of this Ordinance and the regulations to be carried out and complied with in all respects.

17. The holder of any factory licence shall pay to an inspector a fee, as may be prescribed by regulation, on the value of the explosives manufactured in such factory.

18. (1) Any factory licence or the conditions thereof may, upon application, be amended by the Administrator who shall not consent to the amendment except upon a report by an Inspector that the safety of the public or of any person employed in or at the licensed factory will not be thereby diminished: Provided that no such amendment shall be inconsistent with the provisions of this Ordinance or of any regulation.

(2) A fee, as may be prescribed by regulation, shall be payable on every occasion that a licence is amended under sub-section (1).

19. Any factory licence may be transferred into the name of another, provided four weeks' notice in writing of a desire to transfer be sent to the Administrator who shall not refuse such a transfer except upon the ground that the proposed transferee is not a suitable person to hold such a licence.

20. The Administrator may revoke any factory licence, and every such licence shall *ipso facto* lapse if the holder thereof has ceased to carry on, for a period of two years, any work authorized by the licence or if the fee referred to in section *seventeen* has not been paid on due date, as may be prescribed by regulation, and shall become void if the premises in respect of which the licence was granted have been used for any trade or work not authorized by the licence.

21. Any person who contravenes or fails to comply with any condition upon which any factory licence was granted shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding twelve months.

22. (1) (a) Any person who desires to erect or carry on a magazine for the storage of explosives shall make application for a licence therefor to an inspector, who may issue such a licence subject to the observance of the regulations and after consultation with the local authority, if any, and upon such other conditions as he may think fit to attach to the licence, or refuse to issue such a licence, if in his opinion the applicant is not a suitable person to hold such a licence.

(b) An applicant whose application for a licence is refused by an inspector in terms of paragraph (a) may appeal to the Administrator.

(2) Any person who contravenes any condition of a licence issued under this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section *twenty-one*.

(3) Any such licence or the conditions thereof may, upon application, be amended by an Inspector provided

sone wat die Administrateur vir daardie doel aangestel het, en die kommissie moet so gou doenlik na afloop van sy sitting 'n verslag met die aanbevelings wat hy goedvind aan die Administrateur voorlê.

15. Na oorweging van die verslag en aanbevelings van die kommissie, kan die Administrateur die aansoek om 'n lisensie weier, of dit met of sonder wysiging en voorwaardes toeken.

16. 'n Lisensie ingevolge hierdie ordonnansie om 'n fabriek vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe op te rig, te stig en in stand te hou, word, as dit toegeken is, deur die Administrateur uitgereik teen betaling van die gelde wat by regulasie voorgeskryf word: Met dien verstande dat geen ontplofbare stowwe vervaardig mag word nie voordat die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe oortuig is dat die perseel ten opsigte waarvan die lisensie toegeken is, in so 'n mate voltooi is dat daar aan die bepalings van hierdie ordonnansie en die regulasies in alle opsigte uitvoering gegee kan word en daaraan voldoen kan word.

17. Die houer van 'n fabriekslisensie betaal aan 'n inspekteur die gelde wat by regulasie voorgeskryf word volgens die waarde van die ontplofbare stowwe wat in sodanige fabriek vervaardig word.

18. (1) 'n Fabriekslisensie of die voorwaardes daarvan kan op aanvraag gewysig word deur die Administrateur, wat nie tot die wysiging toestem nie buiten op 'n verslag van 'n inspekteur dat die veiligheid van die publiek of iemand in diens in of by die gelisensieerde fabriek nie daardeur verminder sal word nie: Met dien verstande dat so 'n wysiging nie strydig mag wees met die bepalings van hierdie ordonnansie of van 'n regulasie nie.

(2) Gelde wat by regulasie voorgeskryf word, is betaalbaar telkens wanneer 'n lisensie ingevolge subartikel (1) gewysig word.

19. 'n Fabriekslisensie kan op iemand anders se naam oorgedra word, mits skriftelike kennisgewing van vier weke van die voorneme van oordrag aan die Administrateur gestuur word. Die Administrateur weier so 'n oordrag nie buiten op grond daarvan dat die beoogde oordragnemer nie 'n geskikte persoon is om bedoelde lisensie te hou nie.

20. Die Administrateur kan 'n fabriekslisensie intrek, en elke sodanige lisensie verval *ipso facto* as die houer daarvan gedurende 'n tydperk van twee jaar opgehou het om enige werk deur die lisensie gemagtig voort te sit, of as die gelde wat in artikel *sewentien* bedoel word, nie op die vervaldatum, soos by regulasie voorgeskryf, betaal is nie, en word nietig as die perseel ten opsigte waarvan die lisensie toegeken is, vir enige bedryf of werksaamheid wat nie deur die lisensie gemagtig is nie, gebruik is.

21. Iemand wat 'n voorwaarde waarop 'n fabriekslisensie toegeken is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

22. (1) (a) Iemand wat 'n magasyn vir die opberging van ontplofbare stowwe wil oprig of instandhou, moet aansoek doen om 'n lisensie daarvoor by 'n inspekteur wat so 'n lisensie kan uitreik onderhewig aan die nakoming van die regulasies en na beraadslaging met die plaaslike bestuur, as daar een is, en op die ander voorwaardes wat hy nodig ag om aan die lisensie toe te voeg, of kan weier om so 'n lisensie uit te reik as die applikant syns insiens nie 'n geskikte persoon is om so 'n lisensie te hou nie.

(b) 'n Applikant wie se aansoek om 'n lisensie ingevolge paragraaf (a) deur 'n inspekteur geweier word, kan by die Administrateur appelleer.

(2) Iemand wat 'n voorwaarde van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in artikel *een-en-twintig* voorgeskryf.

(3) So 'n lisensie of die voorwaardes daarvan kan op aanvraag deur 'n inspekteur gewysig word, mits hy

he is satisfied that the safety of the public or of any person employed in or at the magazine will not be thereby diminished.

(4) Any such licence may be transferred into the name of another, provided four weeks' notice in writing of the desire to transfer is sent to an inspector, who shall not refuse such a transfer, except upon the ground that the proposed transferee is not a suitable person to hold such a licence.

(5) Whenever an inspector refuses the transfer of a licence in terms of sub-section (4), the holder of the licence or the proposed transferee may appeal to the Administrator.

(6) Any licence for a magazine issued under this section shall expire on the date, as may be fixed by regulation, and shall become void if the magazine is used for any purpose not provided for in the licence.

(7) The Administrator may revoke any licence issued under this section if he is satisfied, upon a report by an inspector, that the holder thereof is no longer a suitable person to hold such a licence.

(8) A fee, as may be prescribed by regulation, shall be payable for any licence issued under this section.

(9) A fee, as may be prescribed by regulation, shall be payable on every occasion that a licence is amended or transferred under this section.

23. (1) Any inspector may —

(a) enter any explosives factory or explosives magazine at any hour of the day or night for the purpose of inspecting the same and of making inquiries relative to the compliance with the provisions of this Ordinance and the regulations, or relative to the means used therein for preserving the safety of the public or of any person employed therein;

(b) enter at any hour of the day or night upon any premises in which explosives are kept, or in which there is good reason to suspect that explosives are being manufactured or stored or kept or conveyed in contravention of the provisions of this Ordinance or the regulations, and inspect any such premises and make all such inquiries thereon as he may think fit.

(c) require the occupier or other person for the time being in charge of any explosives factory, explosives magazine, or other premises in this section mentioned, to furnish for purposes of analysis or test, samples of explosives or ingredients of explosives or any substance found therein or suspected of being an explosive or an ingredient of an explosive.

(2) No power conferred by this section shall be so exercised as unnecessarily to hinder the work carried on in any such factory, magazine, or premises aforesaid.

24. Any person who wilfully obstructs or hinders any inspector in the exercise of the powers or duties conferred or imposed upon him by this Ordinance or the Regulations or disobeys any lawful order of an inspector, or who upon demand fails to answer as far as he may be able any question lawfully put by an inspector, or who gives false information to an inspector, whether in answer to any such question or not, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

25. If upon any inspection an inspector discovers that any method of work, packing, or storage is being used which is in conflict with the provisions of this Ordinance or of any regulation, or which, in his opinion, is calculated to endager the safety of the public or of any person employed in the premises inspected, he may require the immediate discontinuance of that method: Provided that any person who is dissatisfied with a decision that a

oortuig is dat die veiligheid van die publiek of van iemand in diens in of by die magasyn nie daardeur verminder sal word nie.

(4) So 'n lisensie kan op iemand anders se naam oorgedra word mits skriftelike kennisgewing van vier weke van die voorneme van oordrag aan 'n inspekteur gestuur word, wat so 'n oordrag nie weier nie buiten op grond daarvan dat die beoogde oordragnemer nie 'n geskikte persoon is om so 'n lisensie te hou nie.

(5) Wanneer 'n inspekteur die oordrag van 'n lisensie ingevolge subartikel (4) weier, kan die houer van die lisensie of die beoogde oordragnemer by die Administrateur appelleer.

(6) 'n Lisensie wat ingevolge hierdie artikel vir 'n magasyn uitgereik is, verval op die datum wat by regulasie bepaal word en word nietig as die magasyn vir 'n doel gebruik word wat nie in die lisensie vermeld word nie.

(7) Die Administrateur kan 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel intrek as hy op 'n verslag van 'n inspekteur oortuig is dat die houer daarvan nie meer 'n geskikte persoon is om so 'n lisensie te hou nie.

(8) Gelde wat by regulasie voorgeskryf word, is betaalbaar vir 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik.

(9) Gelde wat by regulasie voorgeskryf word, is betaalbaar telkens wanneer 'n lisensie ingevolge hierdie artikel gewysig of oorgedra word.

23. (1) 'n Inspekteur kan —

(a) 'n fabriek vir ontplofbare stowwe of 'n magasyn vir ontplofbare stowwe te eniger tyd van die dag of nag betree om dit te ondersoek en om navraag te doen betreffende die nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie en die regulasies, of betreffende die middels wat daarin aangewend word om die veiligheid van die publiek of van iemand wat daarin werksaam is, te beskerm;

(b) te eniger tyd van die dag of nag 'n perseel betree waarin ontplofbare stowwe gehou word of ten opsigte waarvan daar goeie rede bestaan om te vermoed dat ontplofbare stowwe strydig met die bepalings van hierdie ordonnansie of die regulasies daarin vervaardig, opgeberg, of gehou of vervoer word, en bedoelde perseel ondersoek en alle navrae daarop doen wat hy nodig ag;

(c) die besetter of iemand anders wat op die betrokke tydstip in beheer van 'n fabriek vir ontplofbare stowwe, 'n magasyn vir ontplofbare stowwe of 'n ander in hierdie artikel vermelde perseel is, aansê om vir doeleindes van ontleding of toetsing monsters van ontplofbare stowwe of bestanddele van ontplofbare stowwe of enige stof wat daarin aangetref word of wat vermoedelik 'n ontplofbare stof of 'n bestanddeel van 'n ontplofbare stof is, te verskaf.

(2) Geen bevoegdheid wat by hierdie artikel verleen word, mag op so 'n wyse uitgeoefen word dat dit die werksaamhede in so 'n fabriek of magasyn of perseel onnodig belemmer nie.

24. Iemand wat 'n inspekteur opsetlik belemmer of hinder in die uitoefening van die bevoegdhede of pligte kragtens hierdie ordonnansie of die regulasies aan hom verleen of opgelê, of 'n wettige bevel van 'n inspekteur verontagsaam, of wat in gebreke bly om, vir sover hy daartoe in staat is, 'n wettige vraag deur 'n inspekteur gestel te beantwoord, of wat valse inligting, hetsy in antwoord op so 'n vraag al dan nie, aan 'n inspekteur verstrek, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

25. As 'n inspekteur by ondersoek vasstel dat 'n metode van werkverrigting, verpakking of opberging toegepas word wat in stryd is met die bepalings van hierdie ordonnansie of van 'n regulasie, of wat syns insiens bereken is om die veiligheid van die publiek of van iemand wat werksaam is in die perseel wat ondersoek word, aan gevaar bloot te stel, kan hy die onmiddellike staking van daardie metode vereis: Met dien verstande

method is calculated to endanger safety may within fourteen days thereof, lodge an appeal as provided by regulation.

26. (1) Every occupier of a factory shall, subject to the approval of the chief inspector of explosives, make special rules for regulating the persons employed in that factory with a view to securing the observance therein of the provisions of this Ordinance and the regulations, the safety and proper discipline of all such persons, and the safety of the public.

(2) The occupier of any magazine or of any premises where explosives are dealt in, shall, if it seems to an inspector to be necessary, make such special rules as are described in sub-section (1), and, in respect of penalties, any special rules made under this section shall be deemed to be regulations under this Ordinance.

(3) The occupier of any such factory, magazine or premises shall take all reasonable steps for ensuring or enforcing the observance of any such special rules.

27. (1) Any person causing an explosion whereby life or property is endangered shall be guilty of an offence and liable on conviction to the following penalties, according as the explosion was negligently or wilfully caused; that is to say —

(a) If the explosion is negligently caused and property is endangered, he shall be liable to a fine not exceeding five hundred rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to such imprisonment without the option of a fine;

(b) if the explosion is negligently caused and life is endangered, he shall be liable to a fine not exceeding one thousand rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to such imprisonment without the option of a fine;

(c) if the act or omission causing the danger to life or property is wilful, the maximum penalty hereinbefore mentioned shall, if death do not result therefrom, be twelve years imprisonment with hard labour without the option of a fine;

(d) if the explosion is negligently caused and death results, he shall be liable on conviction to a fine not exceeding two thousand rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding two years, or to such imprisonment without the option of a fine.

(2) Nothing in this section contained shall be construed as exempting any person from being charged and punished under the common law or any other statute in respect of any such act or omission as is described in this section.

(3) For the purposes of this section "explosion" includes a fire caused by an explosive.

28. Any person who is found to have in his possession or under his control any explosive under such circumstances as to give rise to a reasonable suspicion that he intended to use such explosive for the purpose of injuring any person or damaging any property, shall, unless he satisfies the court that he had no such intention as aforesaid, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two thousand rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding two years, or to such imprisonment without the option of a fine and the court convicting him may declare the explosive so found to be forfeited to the State.

29. Anything to the contrary notwithstanding in any law relating to magistrates' courts, a magistrate's court shall have jurisdiction to try any offence under this Ordinance and the regulations and to impose any penalty prescribed by this Ordinance, except the penalties pre-

dat iemand wat ontevrede is met 'n beslissing dat 'n metode bereken is om die veiligheid in gevaar te stel, binne veertien dae daarna appèl kan aanteken soos by regulasie bepaal.

26. (1) Die besetter van 'n fabriek moet, onderhewig aan die goedkeuring van die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe, spesiale reëls uitvaardig tot reëling van die persone wat werksaam is in daardie fabriek, ten einde die nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie en die regulasies, die veiligheid en behoorlike dissipline van alle sodanige persone en die veiligheid van die publiek aldaar te verseker.

(2) Die besetter van 'n magasyn of van 'n perseel waarop in ontplofbare stowwe handel gedrywe word, moet, as 'n inspekteur dit nodig ag, die spesiale reëls uitvaardig wat in subartikel (1) beskryf word, en met betrekking tot strawwe word spesiale reëls, kragtens hierdie artikel uitgevaardig, beskou as regulasies ingevolge hierdie ordonnansie.

(3) Die besetter van bedoelde fabriek, magasyn of perseel moet alle redelike maatreëls tref om die nakoming van bedoelde spesiale reëls te verseker of te handhaaf.

27. (1) Iemand wat 'n ontploffing veroorsaak waardeur lewe of eiendom in gevaar gestel word, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met die volgende strawwe, na gelang die ontploffing weens nalatigheid of opsetlik veroorsaak is; dit wil sê —

(a) as die ontploffing weens nalatigheid veroorsaak is en eiendom in gevaar gestel is, is hy strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met bedoelde gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(b) as die ontploffing weens nalatigheid veroorsaak is en lewe in gevaar gestel is, is hy strafbaar met 'n boete van hoogstens eenduisend rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met bedoelde gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(c) as die handeling of versuim wat lewe of eiendom in gevaar stel, opsetlik is, is die maksimum straf hierbo genoem, as die dood nie daardeur veroorsaak word nie, twaalf jaar gevangenisstraf met dwangarbeid sonder die keuse van 'n boete;

(d) as die ontploffing weens nalatigheid veroorsaak is en die dood tot gevolg het, is hy by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met bedoelde gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

(2) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit iemand daarvan vrystel om ingevolge die gemenereg of 'n ander wetsbepaling met betrekking tot 'n handeling of versuim in hierdie artikel beskryf, aangekla en gestraf te word nie.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken „ontploffing" ook 'n brand deur 'n ontplofbare stof veroorsaak.

28. Iemand wat bevind word 'n ontplofbare stof in sy besit of onder sy beheer te hê onder omstandighede wat aanleiding gee tot 'n redelike vermoede dat hy voornemens was om bedoelde ontplofbare stof te gebruik om iemand te beseer of eiendom te beskadig, is aan 'n misdryf skuldig, tensy hy die hof oortuig dat hy geen sodanige voorneme gehad het nie, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met bedoelde gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, en die hof wat hom veroordeel, kan die ontplofbare stof aldus gevind aan die Staat verbeurd verklaar.

29. Nieteenstaande andersluidende wetsbepalings met betrekking tot landdroshowe is 'n landdroshof regsbevoeg om enige misdryf ingevolge hierdie ordonnansie en die regulasies te verhoor en om enige straf by hierdie ordonnansie voorgeskryf, op te lê, buiten die strawwe voorge-

scribed in paragraphs (c) and (d) of sub-section (1) of section *twenty-seven* and in section *twenty-eight*.

30. (1) The Administrator may make regulations as to —

(a) the construction of explosives factories, explosives magazines, and other danger buildings;

(b) the conditions under which the manufacture of explosives may be carried on;

(c) the storage of explosives, whether in explosives magazines or elsewhere;

(d) the use of explosives;

(e) the grant, cancellation and suspension of any permit or licence mentioned in this Ordinance, the period for which any such permit or licence may be issued and the fees which shall be payable in respect of the issue of any such permit or licence;

(f) the packing, transport, importation and exportation of explosives, and the making of special rules governing the packing and transport at individual places, and the landing and handling of explosives in ports and harbours;

(g) the prohibition of the transport of explosives or the use for the transportation thereof of any means of transport except under authority of a permit issued by an officer authorized by such regulations, the grant, cancellation and suspension of any such permit, the period for which any such permit may be issued and the fees which shall be payable in respect of the issue of any such permit;

(h) the issue of licences to dealers in explosives, the conditions of any such licence, the restrictions which may be placed upon the sale or disposal of explosives to particular classes of persons, and the quantity of any explosive which may be purchased by any person or company under permit from the officer authorized by such regulation;

(i) the inquiry into the circumstances of explosions (including outbreaks of fire caused or suspected to have been caused by explosives) endangering or causing injury to persons or property or death, and for the giving of notice of all such explosions;

(j) the prevention of trespass in or upon an explosives factory, or in or upon any magazine or other place where explosives are kept;

(k) the tests to which explosives, or the raw materials from which explosives are manufactured, are liable to be submitted;

(l) the manner in which appeals under section *twenty-five* shall be notified and conducted, and the manner in which inspectors shall try any person for a contravention of or failure to comply with the regulations, or breaches of special rules made under section *twenty-two* or *twenty-six;*

(m) the statistics which manufacturers and dealers may be called upon to supply;

and generally for the protection of life and property and for the better carrying out of the objects and purposes of this Ordinance.

(2) Regulations made under sub-section (1) may provide penalties for a contravention thereof or failure to comply therewith not exceeding in any case a fine of three hundred rand, or, in default of payment, imprisonment for a period of twelve months, and the regulations may further provide that the explosive, if any, in respect of which the contravention or non-compliance has taken place may be forfeited.

(3) Such regulations may prescribe daily penalties for a continuing contravention or non-compliance or increased penalties for a second or subsequent contravention or non-compliance.

skryf in paragrawe (c) en (d) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* en in artikel *agt-en-twintig*.

30. (1) Die Administrateur kan regulasies uitvaardig oor —

(a) die bou van fabrieke vir ontplofbare stowwe, magasyne vir ontplofbare stowwe en ander gevaargeboue;

(b) die voorwaardes waarop ontplofbare stowwe vervaardig kan word;

(c) die opberging van ontplofbare stowwe hetsy in magasyne vir ontplofbare stowwe of elders;

(d) die gebruik van ontplofbare stowwe;

(e) die toekenning, intrekking en opskorting van enige permit of lisensie in hierdie ordonnansie genoem, die tydperk waarvoor so 'n permit of lisensie uitgereik kan word en die gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking van so 'n permit of lisensie;

(f) die verpakking, vervoer, invoer en uitvoer van ontplofbare stowwe, die uitvaardiging van spesiale reëls betreffende verpakking en vervoer op bepaalde plekke en die landing en hantering van ontplofbare stowwe in hawens;

(g) die verbod op die vervoer van ontplofbare stowwe of die gebruik van enige vervoermiddel vir die vervoer daarvan, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur 'n beampte wat ingevolge sodanige regulasies daartoe gemagtig is; die verlening, intrekking en opskorting van so 'n permit; die tydperk waarvoor so 'n permit uitgereik kan word en die gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking van so 'n permit;

(h) die uitreiking van lisensies aan handelaars in ontplofbare stowwe, die voorwaardes van so 'n lisensie, die beperkings wat op die verkoop of van die hand sit van ontplofbare stowwe aan bepaalde klasse persone opgelê kan word, en die hoeveelheid ontplofbare stof wat 'n persoon of 'n maatskappy kan aankoop uit hoofde van 'n permit uitgereik deur die beampte wat deur so 'n regulasie gemagtig is;

(i) die ondersoek na die omstandighede van ontploffings (insluitende die uitbreek van brand veroorsaak of vermoedelik veroorsaak deur ontplofbare stowwe) waardeur persone of eiendom in gevaar gestel of beseer of beskadig word of die dood van iemand veroorsaak word, en vir die kennisgewing van alle sodanige ontploffings;

(j) die voorkoming van onregmatige betreding van 'n fabriek vir ontplofbare stowwe of van 'n magasyn of ander plek waar ontplofbare stowwe gehou word;

(k) die toetse waaraan ontplofbare stowwe, of die onbewerkte stowwe waaruit ontplofbare stowwe vervaardig word, onderwerp kan word;

(l) die wyse waarop appèl ingevolge artikel *vyf-en-twintig* aangeteken en gevoer moet word en die wyse waarop inspekteurs iemand weens 'n oortreding of versuim van die regulasies of weens oortredings van die spesiale reëls uitgevaardig kragtens artikel *twee-en-twintig* of *ses-en-twintig* moet verhoor;

(m) die statistiek wat vervaardigers en handelaars aangesê kan word om te verskaf;

en in die algemeen vir die beveiliging van lewe en eiendom en die doeltreffender uitvoering van die doel en strekking van hierdie ordonnansie.

(2) Regulasies uitgevaardig ingevolge subartikel (1) kan vir 'n oortreding of versuim daarvan, strawwe voorskryf wat in elke geval 'n boete van hoogstens driehonderd rand of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande mag wees, en voorts kan die regulasies daarvoor voorsiening maak dat die ontplofbare stof, as daar is, ten opsigte waarvan die oortreding of versuim plaasgevind het, verbeur word.

(3) Bedoelde regulasies kan daaglikse strawwe vir 'n voortdurende oortreding of versuim voorskryf of verhoogde strawwe vir 'n tweede of daaropvolgende oortreding of versuim.

(4) Different regulations may be made in respect of different districts, or areas in the Territory.

31. Nothing in this Ordinance contained shall apply —

(a) to the importation, storage, use or transport, of any explosive by the South African Defence Force, or any Police Force, constituted under any law;

(b) to any ammunition, if a licence to possess it or to deal therein is regulated by any other law;

(c) to the use, storage or conveyance of any explosive in the workings of any mine as defined by the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954 (Ordinance 26 of 1954);

(d) to the possession or conveyance of any explosive taken as a sample for the purpose of this Ordinance by an inspector or other duly authorized person, provided the quantity is not more than is reasonably necessary for the performance of his duty and every such sample is kept and conveyed with all due precaution.

32. (1) Subject to the provision of sub-section (2) the Explosives Ordinance, 1931 (Ordinance 15 of 1931) is hereby repealed.

(2) Any proclamation, regulation, notice, approval, authority, licence, permit, certificate or document issued, made, given or granted and any other action taken under any provision of the law repealed by sub-section (1), shall be deemed to have been issued, made, given, granted or taken under the corresponding provision of this Ordinance.

33. This Ordinance shall be called the Explosives Ordinance, 1962.

(4) Verskillende regulasies kan met betrekking tot verskillende distrikte of streke in die Gebied uitgevaardig word.

31. Die bepalings van hierdie ordonnansie geld nie —

(a) die invoer, opberging, gebruik of vervoer van ontplofbare stowwe deur die Suid-Afrikaanse Weermag of enige polisiemag wat wetlik ingestel is nie;

(b) ammunisie nie, as 'n lisensie om dit te besit of daarin handel te dryf deur 'n ander wetsbepaling gereël word;

(c) die gebruik, opberging of vervoer van ontplofbare stowwe in die delfplekke van 'n myn, soos bepaal by die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954) nie;

(d) die besit of vervoer van 'n ontplofbare stof wat by die toepassing van hierdie ordonnansie as 'n monster deur 'n inspekteur of ander behoorlik gemagtigde persoon geneem is nie mits die hoeveelheid nie groter is as wat redelikerwys nodig is vir die uitvoering van sy plig nie en bedoelde monster met behoorlike voorsorg gehou en vervoer word.

32. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Ontplofbare Stowwe Ordonnansie 1931 (Ordonnansie 15 van 1931) hierby herroep.

(2) Enige proklamasie, regulasie, kennisgewing, goedkeuring, magtiging, lisensie, permit, sertifikaat of dokument uitgevaardig, gemaak, gegee of verleen en enige ander stappe gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet wat by subartikel (1) herroep word, word beskou as uitgevaardig of uitgereik, gemaak, gegee, verleen of gedoen kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie ordonnansie.

33. Hierdie ordonnansie heet die Ordonnansie op Ontplofbare Stowwe 1962.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek